

God se regverdigheid moet nie op die verkeerde plek gesoek word nie

In die eerste hoofstuk het Israel na God se liefde gevra. In die laaste hoofstuk vra hulle na God se regverdigheid. Hulle het gereken dit is tevergeefs om God getrou te dien, want dit bring vir hulle geen voorspoed nie (3:14). Daarteenoor gaan dit met die goddeloses voorspoedig en blyk hulle gelukkig te wees (3:15). Dit het hulle laat twyfel aan God se regverdigheid.

Daarom wys die Here hulle daarop dat die dag aan die kom is waarop die onderskeid tussen die regverdige en goddelose duidelik te sien sal wees. Die profeet verkondig aan hulle dat daar 'n lig, 'n gloed op die horison is, en die gloed is tweeledig. Dit is die gloed van die brand soos 'n oond (4:1) en van die son wat opgaan (4:2). Die profeet kondig vlammelig en sonlig aan op die dag van die Here wat sou kom. Die goddelose wat die volk nou so gelukkig ag (3:15), wat die vermeteles uit Israel wat hulle nie bekeer nie insluit, sal deur die vuur op die dag soos stoppels verbrand word (4:1). Vir die gelowiges sal dit egter 'n dag van sonlig wees wat genesing bring.

Maar Maleagi verkondig aan hulle dat Elia eers moet kom voor die dag aanbreek (4:5). En Christus het met verwysing na Johannes die Doper en sy dood aangedui dat Elia gekom het (Mark 9:13). Daarom is die dag wat Maleagi aangekondig het, die dag van Jesus Christus, die dag van sy kruis, wat skeiding tussen gelowige en ongelowige gebring het, ook binne die volk Israel. Hy het oordeel en genesing gebring, Hy slaan en spaar. In Hom brand dit tegelyk soos 'n oond vir die goddelose en is daar genesing soos onder die son se strale, reiniging en verlossing van sonde en skuld vir die gelowige.

Maar die dag kom ook weer in sy volle vervulling met die wederkoms (2 Pet 3:10-13), en dan sal die goddelose en die ou, sondige wêreld verteer word en die nuwe hemel en aarde vir die gelowige uit die branding kom. Op daardie dag sal God se regverdigheid wat onafskeidbaar van sy liefde is, ewig duidelik wees. In sy genade sal die uitverkorenes ewig gered word en die goddelose sal in die regverdige, ewige oordeel ondergaan.

Laat ons dus nooit twyfel aan God se regverdigheid nie, en nooit reken dat die goddelose wat vandag nog rondom ons skynbaar so floreer en vooruitgaan, gelukkig is en gebou word nie (3:15). In die Woord sien ons duidelik die gloed van die oordeelsdag van die Here naderkom. Laat ons daarom in die genadetyd wat ons leef, God se liefde en regverdigheid in Christus aan almal verkondig en self daaruit leef. Want alleen vir elkeen wat in Christus glo, sal die dag van die wederkoms nie verskrikking bring nie, maar vreugde, nie ewige oordeel soos 'n brandende oond nie, maar ewige genesing onder die son van geregtigheid.

Sing: Psalm 73:5, 12 (1936)